**Wat bedoel Mat 5:19 met die "minste in die koninkryk van die hemele"?**

1. Daar is baie redes waarom ons die dinge van die laaste dae (of: die dinge van die koninkryk) moet bestudeer. Een daarvan is: Die Woord sê duidelik dat hoe nader ons aan die einde kom, hoe meer sal ons verstaan (of: hoe meer sal aan ons geopenbaar word) - vgl. Dan 12:9,10; Jer 23:20; Jer 30:24 en Luk 8:17.

2. Y'shua gee in Mat 5:17-19 'n baie belangrike uitspraak oor die wet: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele." Hierdie gedeelte stel dit duidelik dat Y'shua nie gekom het om die wet te beëindig nie, maar om dit te herbevestig. Party mense wys egter daarop dat hulle wat die gebooie breek (en andere so leer) volgens hierdie gedeelte nog steeds deel is van die koninkryk van die hemele (al word hulle die minste genoem). Hoe moet ons dit verstaan?

3. Die begrip "koninkryk van die hemele" word net deur Matteus gebruik. Al die ander evangeliste en apostels gebruik die begrip "koninkryk van Elohim" en soms "koninkryk van Messias". Dit is 'n bekende feit dat Matteus sy evangelie (hoofsaaklik) aan Joodse gelowiges geskryf het. Baie Skrifverklaarders stem saam dat Matteus waarskynlik doelbewus weggeskram het van die begrip "koninkryk van Elohim" of meer korrek "koninkryk van Yahweh" omdat hy bewus was daarvan dat die Joodse leiers van sy dag (verkeerdelik!) geleer het dat die Vader se Naam nie in enige gesprek of geskrif gebruik mag word nie.

4. Die bedoeling met die gebruik van die begrip "koninkryk van die hemele" is nie om die lokaliteit of die geografiese besonderhede van die koninkryk aan te dui nie. Die Woord leer vir ons dat die koninkryk van die hemel hier op aarde gevestig gaan word - vgl. Openb 21:1-4: "En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van Elohim uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van Elohim is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en Elohim self sal by hulle wees as hulle Elohim. En Elohim sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie ... want die eerste dinge het verbygegaan."

5. Alhoewel die koms van die koninkryk iets is wat nog in die toekoms gaan gebeur, waarvoor ons dus gereed moet wees (Mat 24:44) en waarvoor ons ook moet bid (Mat 6:10), is daar 'n (geestelike) faset van die koninkryk wat reeds met Y'shua se eerste koms aangebreek het, omdat die koms van die koninkryk absoluut ten nouste verweef is met die koms van die Messias na hierdie wêreld (vgl. Mat 12:28: "Maar as Ek deur die Gees van Elohim die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van Elohim by julle gekom" en Mark 1:15: "Die tyd is vervul en die koninkryk van Elohim het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie"). Ons sou kon sê dat Yahweh het reeds met die eerste koms van die Messias begin met die proses om sy hemelse koninkryk hier op aarde te vestig.

6. Die vraag is nou: Wie maak almal deel uit van hierdie koninkryk? Moet ons uit Mat 5:19 aflei dat ongehoorsame gelowiges ook deel uitmaak van hierdie koninkryk? 'n Gedeelte wat lig werp op hierdie vraag is Mat 13:36-42: "Sy dissipels het na Hom gekom en gesê: Verklaar vir ons die gelykenis van die onkruid in die saailand. En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens, en die saailand is die wêreld. Die goeie saad - dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel ...Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: die Seun van die mens sal sy engele uitstuur,

en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande". Let daarop dat hulle wat ongeregtigheid doen (letterlik: die wetteloses) sal uit sy koninkryk bymekaargemaak word en in die vuuroond gegooi word.

7. Die ongehoorsame gelowiges of die wetteloses is dus IN die koninkryk. Hulle vul die kerke en doen werke wat lyk soos koninkrykswerke. Hulle maak die regte geluide en beweeg in die regte kringe. Hulle word egter die "minste" of die "kleinste" in die koninkryk genoem omdat hulle op die laaste dag uit die koninkryk verwyder sal word en in die vuuroond gegooi sal word (vgl. Mat 13:30). Dit blyk uit die Skrif dat daar 'n duidelike verskil bestaan tussen hulle wat IN die koninkryk is en hulle wat uiteindelik die koninkryk gaan BEËRWE. Die deurslaggewende faktor volgens die Skrif wat gaan bepaal of iemand die koninkryk gaan BEËRWE ... en dit mag as 'n groot verrassing vir baie kom ... is die wet! (vgl. Mat 7:22,23; Mat 19:17; Luk 8:21; Luk 10:28; Luk 13:26,27; Joh 8:47; Openb 22:14). Selfs Paulus sê telkemale in sy briewe dat diegene wat ongeregtigheid doen en wetteloos lewe, beslis nie die koninkryk van Yahweh sal beërwe nie (vgl. 1 Kor 6:9-10; Gal 5;19-21 en Efes 5:3-5).